NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 04 SEPTEMBER 2013 OM 10:00

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Administrasie]
Voorsitter, rdl C H H Hunsinger [Finansies]
Onder-voorsitter: rdh N J A Rust

Abrahams, M Z
Cleophas, J H
Geel, B W
Goliath, M S I
Rangasamy, M
Sedeman, A C
Stemele, O M

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingeneursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdl O M Stemele open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter, rdl M van Zyl.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl Y S Cox-Bruintjies.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 08 AUGUSTUS 2013

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 08 Augustus 2013 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

3.1 **SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND**

Kennis geneem

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5/...

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: JULIE 2013

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER (2/4/2)(7/1/2/2-7)
5.1.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)
5.1.3 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2)(5/7/1/1)

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder, die Direktoraat Korporatiewe Dienste en die Direktoraat Finansiële Dienste vir Julie 2013.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: ADMINISTRASIE

(GET) C H H HUNSINGER
VOORSITTER: FINANSIES

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Onder-voorsitter, rdl O M Stemela

Abrahams, M Z
Cleophas, J H
Fortuin, C
Goliath, M S I
Rust, N J A
Stanley, B J
Van der Merwe, J I
Van Zyl, M
Wilskut, W

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:19 ‘n aanvang.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 08 AUGUSTUS 2013

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl W Wilskut)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 08 Augustus 2013 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: JULIE 2013

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Rdl Stanley opper sy ontevredenheid oor die stand van die paaie in Chatsworth (wyk 4) en versoek dat die Departement: Siviele Ingenieursdienste ‘n publieke vergadering belê om hierdie kwessie aan te spreek.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik dat al die paaie in die Swartland-munisipale area is in ‘n swak kondisie en moet opgegradeer word, dit geld ook vir die paaie wat aan die Weskus Distriksmunisipaliteit (WKDM) geallokeer is. ‘n Vergadering met WKDM sal binnekort plaasvind waar die instandhouding van die paaie ondersoek sal word, en ook om ‘n plan op te stel wat na die provinsiale regering gestuur sal word.

5.1/...

Paaie sal herstel word volgens die skedule wat opgestel is deur die tegniese afdeling van die Siviele Ingeneursdienste departement.

5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Rdl Stanley spreek sy kommer uit oor die foutiewe straatligte in Chatsworth (wyk 4) wat nie reggemaak word nie.

Mnr du Toit noem dat die straatligte waarna verwys word, is die verantwoordelikheid van Eskom en nie Swartland Munisipaliteit nie. Volgehoue kommunikasie vind plaas tussen Swartland Munisipaliteit en Eskom m.b.t. die foutiewe straatligte.

Verder versoek mnr du Toit dat rdl Stanley die strate en /of erf aan die Elektriese Ingenieursdienste departement stuur vir verdere ondersoek.

Mnr du Toit noem verder dat ESKOM ‘n geskeduleerde kragonderbreking in Yzerfontein sal onderneem op Sondag, 13 Oktober 2013 vanaf 06:00 – 19:00. Die alternatiewe datum vir hierdie kragonderbreking is Sondag, 27 Oktober 2013. Kommunikasie t.o.v. die verlengde tyd is aan Eskom gestuur, maar tot op hede is geen terugvoering ontvang nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdh N J A Rust, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir Julie 2013.

AANBEVEEL VERDER

(b) Dat die stand van paaie in Swartland Munisipaliteit by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering bespreek word.

(c) Dat rdl Stanley die straatname en/of erfnommers aan die Elektriese Ingenieursdepartement deurgee m.b.t. die foutiewe straatligte, om sodoende verder ondersoek in te stel.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Beskermingsdienste]
Voorsitter, rdl W Wilskut [Ontwikkelingsdienste]
Ondervoorsitter, rdl A C Sedeman

Geel, B W	Sneewe, A M
Goliath, M S I	Stanley, B J
Philander, D B	Van der Merwe, J I
Rangasamy, M	Van der Westhuizen, R F

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:46 ‘n aanvang.

Verlof tot afwesigheid verleen aan rdl C H Papers.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 08 AUGUSTUS 2013

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 08 Augustus 2013 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE, JULIE 2013

5.1.1 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)
5.1.2 VERKEERS- EN WETSTOEPASSINGS AFDELING (7/1/2/2-3)

Die voorsitter noem dat die by-wette gedurende die komende weke in die plaaslike koerant geadverteer word om sodoende die publiek daarvan in te lig.

5.1.2/...

Mnr Humphreys noem dat m.b.t loslopende diere, die diensverskaffer nie bewus was van al die pligte en verantwoordelikhede in die kontrak nie. Die probleem rondom die nie-beskikbaarheid van vervoer vir loslopende diere sal hopelik binnekort opgelos word.

5.1.3 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)
5.1.4 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-1)

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direktoraat Beskermingsdienste en die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir Julie 2013.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK OP GEDEELTE 48 VAN PLAAS BROODKRAAL NO. 154, AFDELING MALMESBURY (15/3/10-5) (WYK 1)

Aansoek word gedoen vir ‘n vergunningsgebruik op gedeelte 48 van die plaas Broodkraal no. 154, Afdeling Malmesbury, geleë ±10km noord van Koringberg ten einde ‘n gedeelte (±100m²) van ‘n bestaande plaasgebou in ‘n plaaswinkel te omskep.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

Dat die aansoek om vergunningsgebruik op gedeelte 48 van die plaas Broodkraal no. 154, Afdeling Malmesbury, ten einde ‘n gedeelte (±100m²) van ‘n bestaande plaasgebou in ‘n plaaswinkel te omskep, ingevolge paragraaf 4.7 van die artikel 8 soneringskemaregulasies van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
(b) dat die plaaswinkel tot 100m² beperk word;
(c) dat daar aansoek vir ‘n handelslisensie by Swartland Munisipaliteit en ‘n geskiktheidsertifikaat by die Weskus Distrikmunisipaliteit gedoen word;
(d) dat die beswaarmaker van die Raad se besluit in kennis gestel word;

B WATER

(a) dat geen munisipale drinkwater voorsien kan word nie;

C RIOOL

(a) dat riooldienste slegs vir huishoudelike riool voorsien kan word;

D VULLISVERWYDERING

(a) dat daar skriftelik by Swartland Munisipaliteit aansoek gedoen word indien daar gebruik gemaak wil word van enige van die stortingsterreine binne die munisipale area;

E ESKOM

(a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;
(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel;

F DEPARTEMENT VAN WATERWESE

(a) dat geen besoedeling van bo- en ondergrondse waterbronne mag plaasvind as gevolg van aktiwiteite op die plaas nie;
(b) dat maatreëls in plek gekry word ten einde storting van konstruksieafval te beheer, siende dit besoedeling van bogrondse afloopwater mag hê;
(c) dat geen onttrekking van bo- en ondergrondse water mag plaasvind sonder vooraf goedkeuring van die Departement van Waterwese, tensy dit 'n skedule 1 gebruik of 'n bestaande wettige gebruik is;
(d) dat soliede afval verwyder moet word na 'n goedgekeurde stortingsterrein en moet bestuur word volgens die toepaslike wetgewing;
(e) dat alle voorskrifte van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998) ten alle tye nagekom moet word.

6.2 VOORGESTELDE HERSONERING VAN 'N GEDEELTE VAN GEDEELTE 75 VAN PLAAS GOEDE HOOP NO. 758, AFDELING MALMESBURY (15/3/3-15) (WYK 4)

Aansoek word gedoen vir die hersonering van 'n gedeelte van gedeelte 75 van plaas Goede Hoop no. 758 (groot ±800m²), Afdeling Malmesbury geleë in Tierfontein vanaf landbousone I na landbousone II. Die doel van die aansoek is om die korrekte grondgebruiksregte te verkry vir die "Fynbos Fine Foods Processing Plant" wat souse, speserye en ingelegde produkte produseer.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

Dat die aansoek vir die hersonering van 'n gedeelte van gedeelte 75 van plaas Goede Hoop no. 758 (groot ±800m²), Afdeling Malmesbury geleë in Tierfontein ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf landbousone I na landbousone II, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die landbounywerheid beperk word tot 'n grootte van ±800m² soos voorgehou in hierdie aansoek;
(b) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
(c) dat 'n geskiktheidsertifikaat van die Weskus Distrikmunisipaliteit en 'n handelslisensie (indien nodig) vanaf Swartland Munisipaliteit verkry word;

B WATER

(a) dat geen munisipale drinkwater voorsien kan word nie;

C RIOOL

(a) dat riooldienste slegs vir huishoudelike riool voorsien kan word;

D VULLISVERWYDERING

(a) dat daar skriftelik by Swartland Munisipaliteit aansoek gedoen word, indien daar gebruik gemaak wil word van enige van die stortingsterreine binne die munisipale area;

E ESKOM

(a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;
(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die onderverdeelde gedeeltes;

F DEPARTEMENT VAN WATERWESE

(a) dat indien die hersonering die volumes water goedgekeur affekteer, die eienaar/ontwikkelaar 'n nuwe watergebruiksaansoek aan die Departement van Waterwese moet rig.

6.3 VOORGESTELDE ONDERVERDELING MET AFWYKING VAN ERF 855, YZERFONTEIN (15/3/4-14, 15/3/6-14) (WYK 5)

Aansoek word gedoen vir die onderverdeling van erf 855, Yzerfontein ten einde twee gedeeltes wat insluit die restant (groot ±422m²) en gedeelte A (groot ±300m²) te skep. Die geregistreerde eienaar is A J van der Merwe Trust.

Aansoek word ook gedoen vir 'n afwyking ten einde af te wyk van die 2m syboulyn (oostelike grens) na ±1m van toepassing op die restant van erf 855.

Verder word daar ook aansoek gedoen ten einde af te wyk van die minimum erfgrootte vir Yzerfontein vanaf 600m² na ±422m² en ±300m², onderskeidelik.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl C H H Hunsinger)

(a) Dat die aansoek om onderverdeling en afwyking van erf 855, Yzerfontein ingevolge artikel 25(1) en Artikel 15(1)(b), van Ordonnansie 15 van 1985 afgekeur word weens die volgende rede:

(i) Vanuit 'n fisiese en ruimtelike beplanningsoogpunt is die aansoek nie sinvol of wenslik vir die betrokke woonbuurte nie.

(b) Dat die aansoeker op sy reg tot appèl gewys word.

6.4 AANSOEK OM VOORGESTELDE HERSONERING MET AFWYKING OP ERF 151, DARLING (15/3/4-14, 15/3/6-14) (WYK 5)

Aansoek word gedoen vir die hersonering van erf 151 (groot ±2189m²) vanaf residensiële sone I na institusionele sone III ten einde 'n rehabilitasiesentrum te bedryf. Die geregistreerde eienaar is dr. Athol McLean

Aansoek word ook gedoen ten einde af te wyk van die 10m boulyne onderskeidelik na die posisie van die bestaande geboue op die perseel

Die rehabilitasiesentrum word al sedert November 2012 op die perseel bedryf.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur Rdl R F van der Westhuize)

Dat hierdie item na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verwys word vir ter plaatse ondersoek.

6.5 VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 3349, DARLING (15/3/3-3) (WYK 6)

Aansoek word gedoen vir die hersonering van erf 3349 (groot 260m²), geleë te Keurboomlaan, Darling, vanaf residensiële sone I na sakesone II ten einde 'n winkel op te rig.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur Rdl A C Sedeman)

Dat hierdie item na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verwys word vir ter plaatse ondersoek.

6.6 VOORGESTELDE HERSONERING VAN 'N GEDEELTE VAN GEDEELTE 1 VAN DIE PLAAS GOEDGEDACHT NO. 1064, AFDELING MALMESBURY (15/3/3-15/10) (WYK 12)

Aansoek word gedoen vir die hersonering van 'n gedeelte van gedeelte 1 van plaas Goedgedacht no. 1064 (groot ±350m²), Afdeling Malmesbury geleë ±12km noordoos vanaf Malmesbury vanaf landbousone I na institusionele sone I ten einde die bestaande jeugsentrum uit te brei. Die geregistreerde eienaar is Goedgedacht Roman Catholic Trust.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat die aansoek vir die hersonering van 'n gedeelte (groot ±350m²) van gedeelte 1 van die plaas Goedgedacht no. 1064, Afdeling Malmesbury ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf landbousone I na institusionele sone I ten einde 'n onderrigplek (jeugsentrum) uit te brei, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die uitbreiding van die bestaande jeugsentrum beperk word tot ±350m²;
(b) dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;

B WATER

(a) dat geen munisipale drinkwater beskikbaar is nie;
(b) dat die fonteinwater moet gesuiwer en behandel word tot 'n vlak geskik vir menslike gebruik;

C RIOOL

(a) dat riooldienste slegs deur middel van 'n suigtenkvragmotor voorsien kan word;

D VULLISVERWYDERING

(a) dat daar skriftelik aansoek gedoen word by Swartland Munisipaliteit indien daar gebruik gemaak wil word van enige van die stortingsterreine binne die munisipale gebied;

E ESKOM

(a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van ‘n Eskom kraglyn verbode is;
(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel;

F DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

(a) dat ’n reg-van-weg serwituut geregistreer word op gedeelte 8 van plaas no. 1064, Afdeling Malmesbury ten gunste van gedeelte 1 van plaas no. 1064, Afdeling Malmesbury;
(b) dat geen bestaande toegange verander mag word of enige nuwe ingange geskep word sonder die goedkeuring van die Departement van Vervoer en Openbare Werke nie.

6.7 VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 554, RIEBEEK KASTEEL (15/3/10-11) (WYK 12)

Aansoek word gedoen vir ‘n vergunningsgebruik op erf 554, geleë te Fonteinstraat, Riebeek Kasteel ten einde ‘n addisionele wooneenheid op te rig.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die aansoek om vergunningsgebruik op erf 554, geleë Fonteinstraat, Riebeek Kasteel ten einde ‘n addisionele wooneenheid op te rig, ingevolge paragraaf 4.7 van die Artikel 8 soneringskemaregulasies van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
(b) dat die addisionele wooneenheid beperk word tot ‘n grootte van 120m²;
(c) dat die addisionele wooneenheid voldoen aan die parameters van die soneringskemaregulasies soos van toepassing op Riebeek Kasteel;
(d) dat die eienaar/ontwikkelaar die dak van die voorgestelde addisionele wooneenheid behoorlik verf alvorens okkupasie geskied ten einde weerkaatsing te verminder;
(e) dat die beswaarmaker per geregistreerde pos van die besluit in kennis gestel word;

B WATER

(a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

C RIOOL

(a) dat daar van die bestaande rioolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

D VULLISVERWYDERING

(a) dat ‘n basiese vullisverwyderingstarief gehef word vir elke wooneenheid op die perseel;
(b) dat die vullis in swartsakke geplaas word op die naaste munisipale sypaadjie op die oggend van verwydering;

E ESKOM

(a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;

(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van ‘n Eskom kraglyn verbode is;

(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel;

F KAPITALE BYDRAES

(a) dat die eienaar/ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van water wat bepaal is deur die Weskus Distrikmunisipaliteit teen R 10 795-80 (BTW ingesluit) per kiloliter jaarlikse gemiddelde daaglikse aanvraag (R10 795-80 /kl AADD) gemaak word. Hierdie kapitaalbydrae is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op bouplanstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;

(b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. strate ten bedrae van R 5 981-58 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-006210 en is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan hierna hersien word;

(c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. stormwater ten bedrae van R 3 197-70 gemaak word aan hierdie munisipaliteit op bouplan stadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan hierna hersien word;

(d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. water ten bedrae van R 9 422-10 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan hierna hersien word;

(e) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. riool ten bedrae van R 6 209-58 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan hierna hersien word;

(f) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. afvalwater ten bedrae van R 6 669-00 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan hierna hersien word;

(g) Bogenoemde tariewe (uitgeslote die van Weskus Distriksmunisipaliteit) is onderhewig aan ‘n 50% rebat.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: BESKERMINGSDIENSTE

(GET) W WILSKUT
VOORSITTER: ONTWIKKELINGSDIENSTE